

# GEMEENTE.

# LES 18

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> FILIPPENSE 3 – 4 en KOLOSSENSE 1 – 2
----------	---

**Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks** wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Filippense 3 – 4 en Kolossense 1 - 2). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute) <i>[VOORBEREIDING CHRISTELIKE HUWELIK]</i> REPETEER DIE BYBELVERSE IN REEKS F
----------	--

**Repeteer twee-twee:** die 5 Bybelverse van reeks F: Voorbereiding vir die Christelike Huwelik.

- (1) Beide Christene. 2 Korintiërs 6:14
- (2) Dieselfde doel. Amos 3:3
- (3) Selfbeheersing. 1 Tessalonisense 4:3-5
- (4) Die regte tydstip. Prediker 8:5b-6a
- (5) Die regte prioriteite. Matteus 6:33

<b>4</b>	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 7:1-53
----------	--

**Inleiding.** Johannes 7:1-9 beskryf die Woord, Jesus Christus. Hy het eers openlik in Galilea rondgereis (April-Oktober 29 n.C.)<sup>1</sup> en later in die geheim na Judea gereis vir die Huttefees (Oktober 29 n.C.). Jesus doen 'n beroep op die skare by die tempel: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binnestevloei.”

<b>STAP 1. LEES.</b>	<b>GOD SE WOORD</b>
<b>Lees.</b> Ons gaan Johannes 7:1-53 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

<b>STAP 2. ONTDEK.</b>	<b>WAARNEMINGS</b>
<b>Oorweeg.</b> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <b>Skryf neer.</b> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <b>Deel.</b> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

7:37-39

Ontdekking 1. Strome lewende water.

Die Joodse Loofhuttefees word jaarliks 'n week lank gevier. Op elkeen van die sewe dae vul 'n priester 'n kruik met water uit die Poel van Siloam. Hy dra dit na die tempel onder begeleiding van 'n plegtige stoet mense wat trompette blaas en van blydschap uitroep. Te midde hiervan gooi hy die water deur 'n regter uit aan die voet van die brandofferaltaar. Hierdie seremonie moes die Israëliete herinner het aan die water wat uit 'n rots in die woestyn gevloei

<sup>1</sup> **Die bediening van Jesus in afsondering in Galilea** tussen April en Oktober 29 n.C. (Markus 7-9). Jesus het Homself grotendeels uit die skare mense in Kapernaüm teruggetrek om saam met sy dissipels te wees. Hy het van Kapernaüm in Galilea (noordkus van die See van Galilea) geloop, 'n groot deel van Galilea deurkruis na die grensstreek van Tyrus en Sidon (noordkus noord van die See van Galilea). Daarna het Hy oorgesteek na Dekapolis (suid-oos van die See van Galilea), weer teruggekeer na Galilea (Dalmanuta), Galilea verlaat om na die gebied van Sesarea Filippi (noord- oos van die See van Galilea, suid van berg die berg Hermon) te gaan, en uiteindelik oor 'n groot gebied van Galilea na Kapernaüm teruggekeer. Hy wou nie in Judea bly nie, omdat die Jode van plan was om Hom dood te maak.

het (Eksodus 17:1-7) en dit wys vooruit na die geestelike seëninge in die komende Messiaanse periode (1 Korintiërs 10:4).

Waarskynlik net na hierdie seremonie het Jesus Christus opgestaan en met 'n harde stem geroep: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binnenste vloei.” Dit was asof Jesus aan die skare wou sê dat hierdie water na Hóm verwys. Jesus Christus is die Ware Fontein van lewende water. Daar is twee belangrike gevolge vir elkeen wat na Jesus Christus toe kom en in Hom glo:

(1) Die gelowige (Christen) ontvang die ewige lewe.

“Wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie” (Johannes 6:35). Almal wat uit die Bron, Jesus Christus, drink, ontvang ewigdurende bevrediging. Hulle ontvang die ewige lewe, d.w.s., volledige verlossing. Hulle ervaar wat Jesus in Johannes 4:14 aan die Samaritaanse vrou gesê het: “Die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees van water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee”.

(2) Die gelowige (Christen) word 'n instrument (middel) van ewige seëninge vir andere.

“Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei” (Johannes 7:38). In die Ou Testament is die rivier van lewe gevind in die stad van God (Psalm 46:5). Dit vloei onder die drupel van die tempel uit en word 'n rivier van seën (Esegiël 47:1-12). Daarom sê Jesus: “Soos die Skrif sê”. Die Heilige Gees gee aan die Ou-Testamentiese Skrifgedeeltes hulle diepste betekenis en mees verheve toepassing in die Nuwe Testament. Alle gelowiges wat ooit in die geskiedenis geleef het, vorm saam ‘die stad van God’, die Nuwe Jerusalem (Hebreërs 12:22-24; Openbaring 21:9-10). En volgens Johannes 7:38 kom hierdie strome van lewende water uit die harte van individuele gelowiges! Deur by Jesus Christus te kom, word die dors van die gelowige geles en word die gelowige self 'n bron van baie seëninge vir andere!

Die Ou Testament het die strome van lewende water met die uitstorting van die Heilige Gees verbind (Jesaja 43:3). En Johannes sê: “Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie” (Johannes 7:39). Jesus het verkondig dat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe ontvang, d.w.s., volledige verlossing, wat 'n oorvloedige lewe in die teenwoordige tyd insluit. Christus is die werklike Bron en Middelaar (Bemiddelaar) van hierdie ewige lewe en van die oorvloedige lewe hier en nou vir elkeen wat na Hom toe kom en in Hom glo.

Maar hierdie belofte sou nie in vervulling gaan voordat Jesus Christus *verheerlik* is nie, d.w.s., eers na sy kruisiging, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging. Dan eers sou Hy die strome van lewende water van bo uit die hemel op die harte van gelowiges uitgiet. Die apostel Johannes verduidelik dat Jesus na “die doop met die Gees” (die uitstorting van die Heilige Gees na sy dood en opstanding) verwys het. Deur die Heilige Gees bewerk Jesus Christus wedergeboorte, nuwe lewe en verlossing in die harte en lewens van gelowiges. En dit is deur die Heilige Gees dat Jesus Christus Christene tot bronne (of kanale) van oorvloedige seëninge vir andere maak. In die boek Handeling kan ons lees hoe die Christene na die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag oorvloedige seëninge vir ander mense geword het. Hulle het die evangelie ook aan mense oor die hele aarde gebring!

---

7:45-52

### Ontdekking 2. Die wet ken en die wet gehoorsaam.

Die godsdienstige leiers van die Jode het die soldate van die tempel beveel om Jesus Christus te arresteer. Maar hulle kon dit nie doen nie, omdat hulle verbaas gestaan het oor die onderrig van Jesus Christus. Hulle het gesê: “Nog nooit het iemand gepraat soos hierdie man nie” (Johannes 7:46). Die godsdienstige leiers was kwaad en beskuldig die soldate van die tempel dat hulle deur Jesus mislei is. Hulle het gesê dat geen van die godsdienstige leiers van die Jode ooit in Jesus Christus geglo het nie en dat die menigte wat nie die wet ken nie, vervloek is!

Maar één van die godsdienstige leiers, genaamd Nikodemus, het hulle aandag gevestig op die wet. Die wet het geleer dat 'n mens nie sonder 'n verhoor, ten einde sy oortreding te ondersoek, beskuldig mag word nie (Deuteronomium 1:16-17). Maar die Joodse godsdienstige leiers het Jesus sonder enige verhoor veroordeel! M.a.w., terwyl die godsdienstige leiers voorgee dat hulle die wet ken, was dit juis hulle wat die wet oortree het! So is hulle onkunde in die openbaar ontmasker! En as hulle wel die wet geken het, was hulle in elk geval onwillig om die wet te gehoorsaam!

Ook in Matteus 23:3 beskuldig Jesus die godsdienstige leiers van die Jode dat hulle nie gedoen het wat hulle verkondig het nie. Dit is belangrik dat ek besef dat God wil hê dat ek sy wil ook sal doen. 'n Christen moet doen wat hy glo en verkondig. 'n Christen gehoorsaam wat hy oor die Bybel weet!

#### **STAP 3. VRAAG.**

#### **UITLEG**

**Oorweeg.** WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 7:1-53 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

**Skryf neer.** Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

**Deel.** Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

**Bespreek.** Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

7:2

Vraag 1. Wat was die Loofhuttefees?

**Aantekeninge.**

(1) Die sewe ingestelde feeste (op vasgestelde tye) in die Ou Testament.

Die Ou Testament noem sewe godsdienstige feeste (Levitikus 23; Numeri 28-29):

- Die Sabbat
- Die Paasfees (Pasga) en die Fees van die Ongesuurde Brode
- Die Fees van die Weke of Oesfees (van die eersteling) of die Pinksterfees
- Die dag vir die blaas van die trompette
- De Groot Versoendag
- Die Huttefees
- Die Purim Fees (Ester 9:18-32).

Drie van hierdie feeste was terselfdertyd pelgrimsfeeste, wanneer Jode uit alle lande na Jerusalem moes optrek om fees te gaan vier (Deuteronomium 16:16):

- Die Paasfees was die begin van die oes
- Die Pinksterfees het die insameling van die oes gevier
- Die Huttefees was die danksegging vir die oes.

(2) Die Huttefees.

Die Huttefees is in die sewende maand van die Joodse kalender gevier, d.w.s. ongeveer in Oktober en het 'n week lank geduur. Dit was nie net 'n danksegging vir die oes nie, maar terselfdertyd 'n vreugdevolle herdenking aan die leiding van God in die woestyn, veertig jare lank, en tegelyk 'n verwagting van God se seëninge vir Israel en die wêreld in die toekoms. Gedurende die sewe dae is offers gebring; het die mense hutte gebou en snags daarin geslaap; daar was 'n optog van lig en om water op die brandofferaltaar uit te giet. Die hutte is van takke en blare gemaak bo-op die plat dakke van die huise en in die strate en het terselfdertyd gefunksioneer as huisvesting vir die duisende pelgrims wat na die fees opgekom het. Die groot kandelaar in die tempel is aangesteek om die mense te herinner aan die vuurkolom wat snags en die wolkkolom wat bedags die Israeliete begelei het tydens die uittoeg uit Egipte. Daar was ook 'n optog snags met brandende vuurfakkels.

Die seremonie waarby water uitgegiet word, is 'n herdenking aan die vars stroom water wat op wonderbaarlike wyse uit die rots in die woestyn by Meriba gevloei het (Eksodus 17:1-7). Op elkeen van die sewe dae van die fees het 'n priester 'n kruik water uit die Poel van Siloam onder begeleiding van 'n stoet mense wat trompette blaas en juig na die tempel toe gedra en dan die water deur 'n tregeter aan die voet van die brandofferaltaar uitgegiet.

Hierdie simboliese handeling moes die Israeliete herinner aan die beloftes in die Ou Testament: “Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge” (Jesaja 44:3). “Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.” (Jesaja 55:1). “Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie” (Jesaja 58:11). Daarom sê Jesus in vers 38 met oortuiging: “Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.”

7:6

Vraag 2. Waarom sê Jesus dat sy tyd nog nie aangebreek het nie?

**Aantekeninge.** Drie keer staan daar in Johannes 7 iets oor “de aangewese tyd” (Grieks: kairos) of “uur” (Grieks: hóra). Dit beteken: *die aangewese tyd vir Jesus Christus om op te tree*. Die Bybel leer dat daar vir elke daad en handeling van Jesus Christus 'n aangewese tyd is, 'n beslissende moment, wat van ewigheid af al deur God die Vader in sy ewige plan vasgestel is.

In vers 6 sê Jesus dat die aangewese tyd om op te gaan na die Huttefees nog nie aangebreek het nie. Nadat Jesus in onmiskenbare woorde aan die Joodse godsdienstige leiers gesê het dat hulle nie God die Vader ken nie en hulle Jesus wil arresteer, staan daar in vers 30 dat “sy uur nog nie gekom het nie”. Daarom het niemand Hom probeer gevange neem nie. Hoe moeilik die omstandighede vir Jesus ook al was, in werklikheid was Jesus veilig en buite gevaar van sy vyande, omdat dit nog nie die wil van God was dat Hy nou al sou sterf nie!

Eers in Johannes 12:23 sê Jesus: “Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word”. Toe het Jesus geprofeteer dat Hy sou sterwe. Ook in Johannes 13:1 sê Jesus dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader toe. En in Johannes 17:1 het Jesus gebid: “Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik”. M.a.w., die aangewese tyd vir Jesus waarvoor Hy na die aarde gekom het, vir elkeen van sy dae en handeling en vir sy sterwe aan die kruis, was 'n aangewese tyd wat reeds in die ewigheid deur God bepaal

was. Dit is nie die mense op die aarde wat die loop van die heilsgeskiedenis in die wêreldgeskiedenis op aarde bepaal nie, maar die soewereine God in die hemel (1 Korintiërs 2:8)!

---

7:14-16

Vraag 3. Hoe het Jesus soveel geleerdheid gehad sonder dat Hy onderrig ontvang het?

**Aantekeninge.** Toe Jesus die mense in die tempel onderrig het, was die mense verbaas oor sy onderrig en het hulle self afgeveer waar Hy die geleerdheid vandaan kry sonder dat Hyself (op aarde) onderrig ontvang het.

(1) Die standaard onderrig in die dae van Jesus.

In die dae van Jesus Christus was die enigste erkende skole die skole waar godsdienstige leraars (rabbi's) die Ou Testament en die Joodse teologie onderrig het. Terwyl die twee strydende godsdienstige partye van die Fariseërs en die Sadduseërs hulle opleiding in die rabbynse skole ontvang het, het Jesus geen formele opleiding deurgemaak nie. In die oë van die Joodse godsdienstige leiers en leraars het Jesus dus geen diploma van enige erkende onderwysinstelling ontvang nie. Daarom maak hulle die gevolgtrekking dat alles wat Jesus geleer het verkeerd was! Die Joodse geleerdheid het gekonsentreer op die uitleg van die Ou Testament en die standaard leerstellings. Maar in die oë van die Joodse geleerdes het Jesus maar net sy eie menings verkondig. Die Joodse godsdienstige leiers het die mense aangespoor om nie die onderrig van Jesus te aanvaar nie maar dit te verwerp.

(2) Die unieke bron vir die onderrig van Jesus.

Jesus het sy kritici as volg geantwoord: “Wat Ek die mense leer, kom nie van Myself af nie, maar van Hom wat My gestuur het.” Geen menslike godsdiensteraar het ooit vir Jesus onderrig nie! Nét God Self het Jesus onderrig! Die Joodse geleerdes het nie die moontlikheid in gedagte gehou dat die inhoud van die onderrig van Jesus van 'n ander Bron sou kon kom as net die Joodse skole nie. God Sêlf is 'n baie hoër Bron van onderrig as enige Joodse teologiese skool! Jesus het gesê dat Hy deur hierdie Bron, God Self (vergelyk Johannes 8:28; 14:24; 16:13; 1 Johannes 2:27), onderrig is. Dit is 'n ernstige waarskuwing vir sy vyande, omdat as hulle sy onderrig verwerp, hulle die Grootste Leraar, God Self, verwerp!

---

7:17-18

Vraag 4. Wat is die vereistes om die onderrig van Jesus te evalueer?

**Aantekeninge.** Jesus sê, “As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit my eie praat. Wie uit sy eie praat, soek sy eie eer; maar hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, is geloofwaardig, en daar is niks oneerliks in Hom nie.” Jesus sê dat wie sy onderrig wil verstaan of evalueer die regte houding en die regte motief moet hê!

(1) Die regte houding is om gewillig te wees om God te gehoorsaam.

In vers 17 sê Jesus dat 'n mens wat nie gewillig is om de wil van God, soos dit in die Bybel geopenbaar word, te doen nie nooit die ware kennis sal vind nie!

- Intellektueel sal hy die ware betekenis van die boodskap van God nooit begryp nie.
- Eksistensiële sal hy nooit 'n persoonlike verhouding met die enige God wat bestaan kan aangaan nie.

'n Mens moet die regte houding hê, naamlik, gewillig wees om God se Woord te gehoorsaam voordat hy God se onderrig kan verstaan.

(2) Die regte motief is om te werk vir die eer van God.

In vers 18 sê Jesus dat 'n mens wat sy eie eer soek alleen maar 'n valse huigelaar is. Die Joodse godsdienstige leraars en leiers was sulke huigelaars, omdat hulle hul eie eer gesoek het. Hulle wou dat die mense na hulle sou opsien as die leiers en die leraars en hulle sou bewonder vir hul godsdienstige ywer (in hul gebede, vas, gee, die seremoniële wette, ens.). Maar hulle was jaloers, omdat die mense veel liever na Jesus geluister het! Omdat hulle hul eie eer gesoek het, kon hulle nie agterkom dat Jesus die woorde van God gespreek het nie.

Maar Jesus Christus het die woorde van God gespreek en gehoorsaam. Hy het gewerk vir die eer van sy hemelse Vader. Daarom was Hy volkome betroubaar! Elkeen wat die onderrig van Jesus wil verstaan of evalueer, moet die regte houding hê (gewillig wees om God se Woord, die Bybel, te gehoorsaam) en die regte motief hê (die eer van die God van die Bybel soek en nie van 'n ander “god” nie). Dan sal hy ook waarlik weet dat die onderrig van Jesus inderdaad van God kom!

---

7:17

Vraag 5. Wat is die verhouding tussen kennis en gehoorsaamheid in vers 17?

**Aantekeninge.** Daar is 'n besondere verhouding in die Bybel tussen kennis, liefde en gehoorsaamheid.

(1) Kennis-liefde-gehoorsaamheid. Kennis kom die eerste.

In Johannes 17:26 sê Jesus dat Hy die kennis van God aan sy dissipels gegee het, sodat God se liefde in hulle mog woon. In Johannes 14:15 sê Jesus, “As julle My liefhet, bewaar dan (gehoorsaam dan) my gebooië.” Daarom lei die ken van God tot die liefhê van God. En die liefhê van God lei tot die gehoorsaming van God. Die verhouding tussen hierdie drie is: eers kennis, dan liefde en laastens gehoorsaamheid.

(2) Gehoorsaamheid-liefde-kennis. Kennis kom die laatste.

Maar in Johannes 7:17 sê Jesus dat 'n mens gewillig moet wees om te gehoorsaam alvorens hy die onderrig van Christus kan verstaan. En Efesiërs 3:17-19 sê dat 'n mens in die liefde gewortel moet wees voordat hy die kennis van God kan verstaan/begryp. In hierdie Bybelgedeeltes kom liefde en gehoorsaamheid vóór kennis! Gehoorsaamheid aan God lei tot liefde vir God en uiteindelik tot meer ervaringskennis van God! Die verhouding tussen hierdie drie is: eers gehoorsaamheid, dan liefde en laastens kennis.

(3) Gehoorsaamheid-liefde-kennis is van mekaar afhanklik.

Al drie is van mekaar afhanklik, beïnvloed mekaar en verryk mekaar:

- kennis van die verstand
- liefde van die hart
- en gehoorsaamheid van die wil

Nie een van hierdie drie is regtig eerste nie. Wat regtig die eerste is, is die soewereine genade van God! Alleen deur die genade van God verkry ons meer kennis, liefde en gehoorsaamheid! God se soewereine genade beïnvloed en transformeer (verander) ons hele persoonlikheid sodat ons tot die eer en heerlijkheid van God kan lewe.

#### **STAP 4. DOEN.**

#### **TOEPASSINGS**

**Oorweeg.** WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

**Deel en skryf neer.** Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 7:1-53.

**Oorweeg.** WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

**Skryf neer.** As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

#### **1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes hoofstuk 7:1-53.**

- 7:1. Dikwels is dit verstandig om weg te bly van plekke waar mense jou kwaad wil aandoen of wil doodmaak.
- 7:5. Moenie verbaas wees wanneer sommige van jou familieleden nie in Jesus Christus glo nie of met jou geloof in Jesus Christus spot.
- 7:7. Moenie verbaas wees dat die wêreld jou haat omdat jy die kwaad in die wêreld aan die lig bring nie.
- 7:8. Daar is 'n tyd vir alles. 'n Tyd om te wag en 'n tyd om te handel. Lees Prediker 3:1-8; 8:5b-6a. Daar is ook 'n tyd vir God om te wag en 'n tyd vir God om te handel! Dis *nie mense wat die loop van gebeurtenisse in die geskiedenis van die wêreld bepaal nie, maar die soewereine/almagtige God!*
- 7:12. Moenie verbaas wees dat mense verdeeld is oor wie Jesus Christus is nie. Sommige mense sien Hom alleen as Profeet, maar ander as die Messias (Johannes 7:40-43). Lees Lukas 2:34!
- 7:14. Jesus gee onderrig op plekke waar mense godsdienste gesoek het, waar mense geïnteresseerd was in godsdienstige sake. Gee veral aandag aan mense wat God soek.
- 7:15-16. 'n Mens kan wel 'n goeie opleiding op 'n erkende onderwysinstelling behaal het, maar die allerbeste onderrig vind jy alleen aan die voete van die Grootste Leraar, Jesus Christus!
- 7:17. As jy die onderrig van Jesus Christus wil verstaan of evalueer, moet jy die regte houding hê, naamlik, om sy onderrig te gehoorsaam.
- 7:18. As jy die onderrig van Jesus Christus wil verstaan of evalueer, moet jy die regte motief hê, naamlik, alleen die eer van die God van de Bybel soek.
- 7:20. Moenie verbaas wees as mense sê dat jy bouse gees het nie.
- 7:24. Hou op om mense en situasies te beoordeel alleen op basis van wat jy sien. Maak regverdige oordele.
- 7:37-39. Wees oortuig dat wanneer jy in Jesus Christus glo, die Heilige Gees jou lewe gaan verander en jou lewe tot 'n seën gaan maak vir ander.
- 7:47-51. Wees versigtig om ander mense te oordeel dat hulle die wet nie ken nie, wanneer jyself die wet niet heeltemal nakom nie.

#### **2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes hoofstuk 7:1-53.**

Ek wil bewys wees van die feit dat God my tot 'n bron van seën vir ander gemaak het. Hy het aan my die Heilige Gees gegee om in my liggaam en lewe te woon en te werk, sodat ek die boodskap van Christus verder mag vertel en mense met die liefde van God mag dien.

Ik wil voortgaan om God se wet, d.w.s. God se woorde in de Bybel te gehoorsaam. Ek wil die kennis in de Bybel bly toepas.

**STAP 5. BID.**

**REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 7:1 - 53.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

**5**

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]

BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

**6**

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]

VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 7 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Kolossense 3 - 4 en 1 Tessalonisense 1. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (6) Johannes 5:24. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.